

KONINKRYK. SUPPLEMENT 17

[DIEN] DIENSLEWERING IN DIE BYBEL

Ontdek en bespreek. Wat leer die Bybel oor dienslewering?

1. Waarom behoort Christene te dien?

Lees Matteus 20:25-28; Filippense 2:5-7; 1 Korintiërs 9:19-23; 1 Petrus 4:10-11; Johannes 12:26.

Aantekeninge. Om te dien is die maatstaf vir ware grootheid in die koninkryk van God (Matteus 20:25-28). Om te dien is iets wat Christus gedoen het en is dus 'n voorbeeld wat Christene behoort na te volg (Filippense 2:5-7). Om te dien is die enige manier om mense vir Jesus Christus te wen (1 Korintiërs 9:19-23). Om te dien is die manier om God te verheerlik (1 Petrus 4:10-11). En om te dien bring 'n beloning (Johannes 12:26).

2. Vir wie behoort Christene te dien?

Lees 1 Korintiërs 4:1-2; Hebreërs 6:10; Lukas 16:13; Galasiërs 1:10; 2 Korintiërs 4:5; Efesiërs 6:5-8; Romeine 14:13-18.

Aantekeninge. Christene behoort Jesus Christus te dien (1 Korintiërs 4:1-2). Hulle behoort ook ander Christene te dien (Hebreërs 6:10). Hulle dien Jesus Christus deur mense te dien in ooreenstemming met die instruksies van Jesus Christus. Lukas 16:13 leer dat dit onmoontlik is om twee verskillende base tegelyk te dien. Christene dien mense nie in ooreenstemming met wat hierdie mense verlang nie, maar in ooreenstemming met wat hulle werklik nodig het (Galasiërs 1:10). Christene dien mense nie ter wille van hierdie mense nie, maar ter wille van Jesus Christus en sy heerlikheid (2 Korintiërs 4:5). Christene dien mense in onderwerping aan die gesag wat bo hulle geplaas is (Efesiërs 6:5-8). Christene dien mense nie volgens die letter van die wet nie, maar deur te steun op die leiding en krag van die Heilige Gees (Romeine 14:13-18).

3. Op watter gebiede behoort Christene te dien?

Lees Matteus 24:45-51; 2 Korintiërs 8:1-4; 5:18-21; Handeling 6:1-4; Lukas 1:74-75; Matteus 25:14-30; 1 Petrus 4:10-11.

Aantekeninge. Christene dien deur hul eie huishouding op die juiste tyd te voed (Matteus 24:45-51). Christene dien deur orals in die wêreld materiële steun te gee aan behoeftige mense (2 Korintiërs 8:1-4). Christene dien deur die evangelie te verkondig aan mense orals in die wêreld (2 Korintiërs 5:18-21). Christene dien deur orals in die wêreld ander Christene te onderrig in en op te bou met die Woord van God (Handeling 6:1-4). Christene dien die Here geestelik deur Hom sonder vrees en in heiligheid en geregtigheid heel hul lewe lang te aanbid (Lukas 1:74-75). Christene dien deur die talente (vermoëns en geleenthede) wat Christus aan hulle gegee het, te gebruik en selfs te vermeerder (Matteus 25:14-30). Christene dien deur die genadegawes van die Gees wat hulle ontvang het, te gebruik om die Gemeente op te bou (1 Petrus 4:10-11).

4. Hoe word Christene dienaars?

Lees Johannes 12:26; Romeine 12:1; Markus 3:34; Lukas 16:10-13; 1 Timoteüs 3:10; 2 Korintiërs 11:23-28; Hebreërs 6:10; 10:32-34; 2 Korintiërs 6:3-10; Handeling 20:19.

Aantekeninge. 'n Mens word 'n dienaar deur Jesus Christus as sy dissipel te volg (Lukas 9:23; Johannes 12:26). 'n Mens word 'n dienaar deur homself beskikbaar te stel vir Jesus Christus (Romeine 12:1). 'n Mens word 'n dienaar deur die besondere taak wat Jesus Christus aan hom gegee het om uit te voer (Markus 13:34). 'n Mens word 'n dienaar as hy die aan hom toevertroude verantwoordelikheid (taak) trou uitvoer (Lukas 16:10-13). 'n Mens behoort alleen 'n dienaar te wees as hy 'n leiersverantwoordelikheid (taak, amp, posisie) het en as dit vooraf in die gewone lewe en in kleinere verantwoordelikhede getoets word (1 Timoteüs 3:10). 'n Mens is 'n dienaar as hy sy harde werk verrig vir Christus, bereid is vir Christus te ly en die daaglikse sorg vir die Christelike Gemeente op homself te neem (2 Korintiërs 11:23-28). 'n Mens is 'n dienaar as hy Christene wat ly help en ondersteun (Hebreërs 6:10; 10:32-34). 'n Mens is 'n dienaar as hy nie deur allerlei beproewinge opgee nie (2 Korintiërs 6:3-10). 'n Mens is 'n dienaar as hy in sukses nederig bly (Handeling 20:19).